

Sing vooraf staande: Psalm 66:6 (p 321)

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgeware, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 40:3, 4 (p 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde aan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe of offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 118:13 (p 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Skriflesing: Maleagi 4

Teks: Maleagi 4:2; Kategismus Sondag 5

**Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan,
en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en
huppel soos kalwers uit die stal. (Maleagi 4:2 AFR1953)**

Die son van geregtigheid sal opgaan. Dit sal 'n baie stormagtige dag wees wanneer dit
gebeur, sê die Bybel.

- Dit sal vir die goddeloses 'n baie donker dag wees daardie omdat hulle nie van die
straf van God sal kan vrykom nie.
- Maar dit sal terselfdertyd 'n helder dag wees vir die wat deur iemand anders
vergewing van hierdie straf verkry het.

Vir die gereddes sal dit dan 'n heerlike dag wees omdat die Son van geregtigheid oor hulle opgegaan het.

- Hulle sal in die lig van die Here Jesus Christus se verdienste voor God staan.
- Hy sal die Son wees wat oor hulle skyn.
- Dit is hoe hulle regverdig word.

Hierdie saak was al die eeue deur vir mense belangrik om te weet.

- Daarom het ons hierdie saak in ons belydenis opgesom sodat ons daardeur herinner moet word dat die verlossingslig vir ons deurbreek (Vraag en antwoord 12 van die Kategismus).
- Hier bely ons nie net die sonde en ons doodstraf daarop nie.
- Ons vestig hier ons hoop daarop dat ons van God se verskriklike straf kan vrykom, as daar net betaal kan word.

Hierdie deel van ons belydenis vestig ons aandag op hoop – die hoop waarvan ons ook hier in Maleagi lees.

- Ons lewe het nie net plek vir donkerte en oordeel nie.
- Ons weet almal dat ons hele mensgeslag in die donker van die dood se skaduwee sit.
- Maar hier in die Bybel staan dit geskryf dat die HERE ook mense ken wat nie daarin sit nie:

Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. (Maleagi 4:2 AFR1953)

Vir hierdie mense word dit nie donker as hulle sterf nie, en vir hulle gaan die son ook nie onder met die wederkoms nie.

- Vir hulle kom die son van geregtigheid op.
- Vir hulle word dit dan ewig dag.
- Die ewige dag van vreugde by God.

Nou moet ons ook seker eers uitmaak wat die Bybel bedoel met die woorde:

julle wat my Naam vrees.

Ons moet ook seker eers uitmaak oor *hoe* ons dan nou die Here se Naam moet vrees: Hoe en wat doen mens as jy die Here se Naam vrees?

Om die Naam van die Here te vrees, beteken dat ons in die majesteit van God moet glo.

- Dit beteken dat ons letterlik sal vrees hê vir die krag van God se heiligheid.
- Dan volg daar 'n hele kettingreaksie van sake.
 - As jy die Here vrees, dan probeer jy tog alles van Hom te weet.
 - Vrees vir die Here spoor jou aan tot kennis,
 - sodat ons presies kan weet waaroor die Here alles vertoorn word,
 - en ook wat ek alles moet doen om uit die pad van sy toorn te bly.

Dit het weer tot gevolg dat ek myself leer ken.

- Ek sal dan besef dat die Here se straf oor my welverdiend is.
- Ek wil nie vernietig word nie, en geen mens wil nie, daarom vra ons: Is daar enige manier om die straf van God vry te spring?

Al hierdie dinge word gepreek en uitgebeeld deur die *nag* in hierdie teksgedeelte. Die donker is die simbool van sonde en van verlorenheid en ellendes.

MAAR dan kom die son op. God leer ons van sy genade. Dis die lig wat begin deurbreek.

- Die genade van die Here is dat dit moontlik is dat iemand aan sy geregtigheid kan voldoen.
- Die wet van die Here kan volbring word. Wanneer dit gebeur, kan ons van ons sondes onthef word.

Dit is dan die genade van God: Hy sal van sy straf oor ons afsien as daar aan sy geregtigheid voldoen kan word.

Kan ons daaraan voldoen? Kan ek self iets doen wat sal maak dat ek die straf van God oor my sondes kan dra, en dan kan oorleef om in die hemel te wees?

- Nee, ongelukkig nie, want ons maak net ons sondeskuld al hoe groter.
- Maar ons kan wel deur iemand anders verlossing kry.
- Hy is die Son van Geregtigheid wat opgaan van wie Maleagi praat.

Dit is die inhoud van die hele evangelie:

- Ons word gered deur die Seun van God – iemand anders.
- Die hele Ou Testament leer dit – ons wat totaal verlore was deur sondes, sal volmaak in die lewe hierna voor die Here jubel!

In hoofstuk 4:1 (en in die Heidelbergse Kategismus vraag 13 en 14) leer ons mense ken vir wie dit donker bly.

- Hulle is mense wat nie hulle heil in die Here Jesus Christus soek nie.
- Ons kan die waarheid net by God kry – en elkeen wat Hom nie reg wou ken en aanbid nie, het moeilikheid op daardie dag wanneer die Here Jesus Christus kom soos die son.
 - Hulle het juis teëspoed omdat die mens in sy sondes gekoppel is aan leuens en sondes.

Die Evangelie van verlossing vereis dat ons redding buite onself moet soek – in die Here Jesus Christus.

- Ons moet heeltemal daarvan afsien om ons eie heil uit te werk, of om met ons eie kragte in die hemel te probeer kom.
- Hoeveel keer hoor ons die volgende woorde: Alles wat ek in die lewe bereik het, het ekself bereik. Niks en niemand het my gebring waar ek is nie. Ekself!

As ons nie by die Here gaan smee vir oorlewing nie, beteken dit dat ons dit iewers hier op die aarde sal moet soek.

- Óf by 'n ander mens óf by jouself – en dit kan tog glad nie gebeur nie.
- Daarom bly sulke mense in hulle sondedood, want hulle skuld by die Here vergroot net, in plaas van verklein.

Die probleem ontstaan omdat ons gedagterigting en dié van die Evangelie met mekaar bots.

- In ons eie oë is ons taamlik belangrik.
- In die Evangelie word van ons nederigheid en selfkennis gevra.

En dan luister ons na ons geselskap:

- Daar is altyd die refrein: ek, ek, ek!
- Alles gaan meestal oor EK.
- Dit is 'n evangelie waarin jy self god is.
 - Jy werk jou heil uit.
 - God bring jou ook nie in die hemel nie – jy bring jouself daar.
- Daar is baie gelowiges wat so glo!

As jy dink jou lewe is goed genoeg dat jy iets daarmee verdien, luister dan wat staan in Job 9:2 geskryf:

Waarlik, ek weet dat dit so is; en hoe kan 'n mens regverdig wees by God?
(Job 9:2 AFR1953)

Dit was vir Job baie duidelik dat die mens soos wat hy is voor die Here moet wegbly, want hy het geen verweer teen al sy sondes nie.

- Iemand wat homself oorskot, onderskat die Here.
- Daar skort baie in sy aanbidding.

Die mens is dus onbekwaam om self sy skulde by die Here te betaal.

- Daar is ook nie iets anders in die skepping waarmee vergoed kan word nie, want geen plant of dier kan vir ons gestraf word nie. Dis mos nie hulle wat gesondig het nie.
- God is nie so onregverdig dat Hy sal toelaat dat iets gestraf word wat nie verantwoordelik is vir die moeilikheid nie.
 - Die geregtigheid van God vereis dat die skuldige self gestraf moet word.
 - Met ander woorde, die mens moet self betaal vir sy sondes.

Een mens kan ook nie vir 'n ander een betaal nie, want al twee is ewe vol sondes. Elkeen sal sy eie skuld dra!

- Daar is ook buitendien niks in die skepping wat die toorn van God oor die sondes kan dra nie.
- As ons dus hier rond vir hulp soek, sal God se Son nooit oor ons opgaan nie, want dan bly ons in die donker.
- Niks op die aarde kan ons van die dood verlos nie; hoe kan iets op die aarde ons dan nog die ewige lewe gee?

Maar dit bly steeds moontlik dat die Son van God se geregtigheid oor ons kan opgaan.

- In die Ou Testament het daar gestaan dat daar 'n Verlosser na die aarde toe sal kom.
 - Dit het toe gebeur.
 - Die Seun van God is op die aarde gebore.
 - En Hy was waarlik 'n mens.

Aan die begin van die preek het ons gesê ons moet die heiligheid van God vrees.

- Tot sover is dit maklik, maar nou is daar ook nog die vereiste dat ons moet glo dat God 'n mens geword het. En dis nie so maklik nie.
- Jy moet weet: Die almagtige God van hemel en aarde het 'n volledige mens geword, en Hy is op ons aarde gebore – juis as 'n mens gebore sodat daar een mens kan wees wat die straf van God kan dra.

Hy kan voor God verskyn, want Hy is self God. Daarom kan Hy ook die toorn dra.

- Hy het ook, en het daarmee die ewige lewe aan ons besorg.
- Hy het toe ook weer in die Heilige Gees na ons toe teruggekeer.
- Die Heilige Gees preek in ons harte die geregtigheid van God. Hy preek liefde en beskerming en bewaring.

Dit gaan nie net oor die Here Jesus se dood nie.

- Dit gaan vir ons ook daarvoor dat ons moet weet wat toe voortgespruit het uit die kruisdood – die eindoordeel.
- Daardie dag gaan dit tel of ons in sy Naam en verdienste geglo het.
 - Dan sal ons redding daarvan afhang of ons geglo het dat die son van God se geregtigheid vir ons opgegaan het toe sy Seun vir ons op Golgota gesterf het.

Maleagi sê dat die wederkoms 'n dag sal wees wat sal brand soos 'n oond.

- Daardie dag gaan die goddeloses soos stoppels aan die brand gesteeek word.
- Dis nou al die wat nie aan die verlossingswerk van die Here Jesus geglo het nie.
 - Al waarvan hulle daardie dag – en daarna – sal weet, is oordeel, vuur en dood, en
 - die toorn van God omdat hulle vir hulle sondes boet.

Oor die wat geglo het, skyn die son van geregtigheid en heerlikheid.

- Daar is vir hulle sondes betaal.
- Die verlostes is bly op daardie dag.
- Die profeet Maleagi sê dat hulle sal huppel soos kalwers wat uit die stal uit kom.

Geliefdes, vergeet daarvan om in eie verdienste die oordeel van God te ontkom.

- Die Here Jesus se werk is voldoende.
- Ons aanbid Hom nooit tevergeefs nie.
- Soek Hom en aanbid Hom en die son van geregtigheid gaan oor u op.

Kom ons lees saam wat ons geloofsbelydenis van hierdie saak leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 5:

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons óf deur onself óf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a) Gen 2:27; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want Ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).

(a) 1 Kor 15:21; (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:1 (8:1)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang!
Want U is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede
en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede.
U 's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is,
toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Mei 2007
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 11 Mei 2014